

Boeke oor missionêre gemeentes

Coenie Burger

Daar het die laaste tyd `n hele klompie goeie boeke rondom die tema van missionêre gemeentes verskyn.

Wright, JH. 2006. *The Mission of God: Unlocking the Bible's Grand Narrative.*


IVP Academic. 581p. £21.99

Vir predikante wat Bybels en teologies oor missionêre gemeente wil dink en ook daarvoor wil preek en praat met die gemeente, is hierdie waarskynlik die beste populêre eenband-publikasie oor die onderwerp.

Die fokus van die boek is nie soseer op gemeentes en gemeentelike planne nie, maar eerder op die plek van die *Missio Dei* in die Bybel en in die gedagte en daad van God. In werklikheid is die boek `n soort Bybelse teologie – Wright noem dit tegelyk `n Bybelse teologie van sending en `n missionêre lees van die Bybelverhaal.

Wright is `n goeie gids. Hy is `n gerespekteerde leier in die wêreldwye evangeliese gemeenskap, op `n manier John Stott se protégé. Hy is `n Ou Testament teoloog en direkteur van Langham Partnership International (ook bekend as John Stott Ministries).


`n Indrukwekkend en gebalanseerde boek wat handige en betroubare materiaal vir Bybelstudies en preke bied.



Ott, Craig ea. 2007. *Globalizing Theology: Belief and Practice in an era of World Christianity.*

Apollos IVP. 382p. \$18.47

Globalizing Theology bevat `n veertiental opstelle van missioloë of teoloë met `n diep missiologiese verbintenis oor die effek van globalisering op die sending van die kerk.



Die fokus van die boek is `n bietjie anders as wat `n mens by die eerste hoor sou dink. Dit is nie maar nóg `n boek oor globalisering en die werklikheid en algemene uitwerking daarvan nie.

Missioloë het nog altyd in hulle werk gepleit daarvoor dat die verskillendheid en uniekheid van kulturele kontekste verreken word in die oordra van die evangelie aan bepaalde groepe. Globalisering bring nou egter `n interessante en onverwagte wending in die proses. Missioloë begin agterkom dat daar nie net andersheid en uniekhede in die verskillende kulture in verskillende lande is nie, maar ook al hoe meer ooreenstemming of verwantskap – vermoedelik die gevolg van globalisering!

- In die eerste deel word gekyk hoe globalisering teologiese refleksie beïnvloed (artikels deur oa Tienou en Walls).

- In deel twee word gekyk na `n aantal spesifieke kwessies (Vanhoozer skryf oor teologiese metode, die Strongs oor die Jerusalem-byeenkoms in Handeling 15 en Van Engen oor die “glocal church”).

- Deel drie kyk na die implikasie van globalisering vir sending (met artikels oor teologiese opleiding, die effek van `n globale ekonomie, globalisering en nasionalisme en oor die mediërende rol van die sending).


`n Belangrike boek vir almal wat wil saamdink en saamwerk aan die *Missio Dei* in ons hedendaagse wêreld.

Flemming, D. 2005. *Contextualization in the New Testament: Patterns for Theology and Mission.*

Apollos IVP. 377p. \$17.16

Die missionêre kerk se uitdaging tot kontekstualisering hang volgens Flemming saam met die “Jesus Model” wat ons in Johannes 1 kry.

Die NT sê dat die ewige Woord van God vlees geword het in Jesus van Nasaret en so die




Vader aan ons "gewys" het. Dit was nie 'n algemene vleeswording nie, maar 'n konkrete spesifieke een – "in all of its scandalous particularity".

Die fokus van hierdie studie is dat Fleming aandag vra vir voorbeelde van kontekstualisering in die NT. Hy wys tereg daarop dat kontekstualisering nie eers iets is wat na die NT periode begin het nie. Dit was van die eerste dag af deel van die lewe van die Christelike kerk.

In die boek kyk Flemming na nege voorbeelde van kontekstualisering wat ons reeds in die NT vind. Twee van die hoofstukke gaan oor Handeling (waar die voortdurende oorsteek van kulturele grense met die evangelie 'n sentrale rol speel), vyf hoofstukke handel oor Paulus se werk en dan is daar een elk oor die Evangelies en Openbaring.

In die laaste hoofstuk trek Flemming sy analise bymekaar en plaas hy 'n model vir die toetsing van goeie kontekstualisering op die tafel. Hy meen dat daar voortdurend vier toetse aangelê moet word:

- ☐ wat ons doen moet getoets word aan die Skrif,
- ☐ en aan die instemming van die wyer ekumeniese kerk;
- ☐ ons moet bid en oop wees vir die leiding van die Gees,
- ☐ en vra of wat ons doen regtig transformasie en Bybelse bekering in die praktyk tot gevolg het.



Hellerman, JH. 2001. *The Ancient Church as Family*. Fortress Press. 295p. \$23

Daar is die laaste dekade of wat baie geskryf oor die kerk as 'n nuwe familie.


Die herontdekking van die familie-metafoor as 'n sentrale ekklesiologiese konsep in die Nuwe Testament het baie goeie gevolge vir die kerk en gemeentes gehad.

Soos alle Skrifwaarhede kan hierdie een ook skeefgetrek word en gevaarlik raak as ons nie sy nuanses vashou en voortdurend bly luister na wat die Skrif ons daarvoor leer nie.

In dié verband help die studie van Hellerman ons. Hy vra dat ons nie te gou lyne na ons eie verstaan van familie trek as ons hoor dat die kerk 'n familie is nie. Dit moet in die eerste plek verstaan word teen die agtergrond van die Mediterreense familiesisteem, en dan moet nog weer fyn gekyk word na die eie beslag of gestalte wat die NT gee aan die gemeente as 'n eiesoortige familie.

Bevans, SB en Schroeder, RP. 2005. *Constants in Context: A Theology of Mission for Today*.

Orbis. 488p. R175



Hierdie indrukwekkende studie van Bevans en Schroeder gaan vir die volgende tien jaar waarskynlik die rol speel in missiologiese kringe wat David Bosch se standaardwerk die vorige tien jaar gespeel het.

Dit is 'n omvattende werk wat nie net goeie historiese en teologiese oorsigte probeer bied nie, maar wat ook eie interpretasies gee en keuses maak oor wat hulle dink vorentoe belangrik mag wees vir die teologie en die kerk.

Die boek bestaan uit drie dele:

- ☐ In die eerste deel klaar hulle die Bybelse en teologiese grondslae uit. Handeling word gelees as die basisverhaal van die sending en hulle besluit om Gonzalez se drie tipes teologieë (rondom die benaderings van onderskeidelik Tertullianus, Origenes en Irenaeus) te gebruik as uitgangspunt vir hulle eie in-delings.
- ☐ Die tweede deel – redelik uitvoerig – bied 'n oorsig oor die geskiedenis van die sending. Dit is 'n interessante en belangrike deel wat op sigself al die boek die moeite werd maak.
- ☐ In die derde deel beweeg hulle na ons situasie vandag en beskryf vier benaderings wat óf aandag kry óf behoort te kry. Hulle noem dit:
 - Mission as Participation in the Mission of the Triune God;
 - Mission as Liberation Service of the Reign of God;
 - Mission as Proclamation of Jesus Christ as the Universal Saviour; en
 - *Mission as Prophetic Dialogue* (een wat hulle self sterk bepleit).

As ek 'n lys van tien boek moet opstel wat predikante van ons tyd behoort te lees, sal hierdie een verseker op die lys wees.

**Bestel by
Communitas,
tel 021 808 3381**